WEL EN WEE VAN DIE MILITêRE VETERANE : BERIG 17/2017

WEE VAN DIE VETERANE

1. Afsterwe van Anton Minnaar van Regsdienste

Paul Els noem dat Barrie Kruger op Facebook met "... spyt verwittig het dat Anton, 'n voormalige Hoofregsoffisier van die SA Leër, op 25/11/2017 oorlede is. Hy was 'n groot gees en mentor van vele jong regsoffisiere wat selfs na sy aftrede nog diep spore by HK Spes Magte getrap het. Rus sag kolonel; jy het jou taak goed volbring en ons sal jou nooit vergeet nie. Op die foto verskyn Anton in die middel van die voorste ry saam met 'n aantal jong regsoffisiere van Spes Magte".

2. Passing of Peter McLaren of the SAN

Angel advise with sincere regret of "... the passing of Peter McLaren on 26/11/2017 and that his memorial service was held in Walmer on 02/12/2017. Our deepest sympathy to Stuart, Andrea, Ross and Gregg and their families. Peter was a member of NOASA in Port Elizabeth".

3. Passing of José Manuel A R de Oliveira of the Infantry and Int Div

Paul Els advises with sincere regret "… of José's passing, who had served in the Portuguese Special Forces, 5 SAI Bn and at Directorate Covert Collection. Rest in Peace, Warrior".

4. Passing of Gary Kitching of the SAN

Arne also advises with sincere regret "… of Gary's passing on 30/11/2017 after an extended struggle with cancer. Our deepest sympathy to all his family. A memorial service was held at the Hillsong Church at Century City on 06/12/2017".

5. Terugslag vir Rais Kruger van die Infanterie
Andre Kruger van die Meg Infanterie verwittig dat sy "…broer na 'n oogoperasie van trappe geval, sy sleutelbeen gebreek en bloeding op die brein opgedoen het. Hy was in die Intensiewe Eenheid van UNITAS Hospitaal opgeneem en is later na die Hoësorgeenheid oorgeplaas. Rais is reeds die afgelope twee weke in 'n koma. Sy dogter, Michelle, het hom vanaf Kaapstad besoek en sy vriendin, Elsie, is elke dag by die hospitaal. Die Neuroloog is tevrede met sy vordering en skade kan eers vasgestel word wanneer hy wakker is en kan praat".

6. Operasie vir Chris Wehrmann van die Infanterie
* Na 'n angiogram-ondersoek by die Harthospitaal in Pretoria het Chris 'n vierdubbele hartomlyningsoperasie hy by die Zuid-Afrikaanse Hospitaal op 05/12/2017 ondergaan. Sy selno is 082 499 5448. Chris noem dat hy "… geen simptome of aanduiding van enige defek gehad het nie. As my Uroloog my nie na Kardiologie vir 'n gewone ondersoek verwys het nie, sou ek waarskynlik my hart met 'n hartaanval beskadig het. Ek is hieroor baie dankbaar en is vol lof vir hierdie optrede by 1 Mil Hosp!"

* Andy Malan van die Historiese Kavallerie rapporteer dat Chris 'n hartomlyningoperasie van vyf uur ondergaan het. Hy is steeds diep verdoof in Intensiewe Sorg, maar volgens die chirurg het dit baie goed gegaan. Ula se huisnommer is 012-651 5671".

HULDEBLYKE

7. NTR.

PERSOONLIKE BOODSKAPPE

8. Boodskap vanaf Ds Johan de Witt
"Aan elke leser van die Nuusbrief wil ek 'n geseënde Kersfees en 'n vreugdevolle 2018 toebid.
Ek dink veral aan die talle leë plekke wat die afgelope jaar deur die dood van 'n geliefde gekom het. Troos word julle toegebid. In die feestyd is die gevoel en die gemis soveel swaarder".

9. Andy Malan van die Historiese Kavallerie
"Mag al die Veterane 'n baie geseënde Christusfees geniet en mag daardie Kindjie se seën op julle rus".

10. Peter Rose of the Infantry
Peter sends his best wishes and God's blessings for Christmas and New Year to all the Veterans and states that he is "... at present working as a Corporate Safety and Risk Manager for PDI at a mine site previously owned by EXXARRO at Mayoko, 120 km from the nearest town, Massengo, in the Republic of the Congo. It is pretty lonely as I am the only South African here at present. If I need supplies it takes approximately 14 hours to travel to Pointe de Noire as that is also our nearest bank. It is in the middle of the rainy season so it is a complete shambles! Everyone speaks only the local language which is French so it is difficult, but I am surviving. My prosthetic lower right leg is holding up well and I am very

grateful. I will still be here for some time, but can be reached on my e-mail address at peterrsafety@gmail.com".

11. Lekker Besig Langs die See

Andre Kruger laat weet dat hulle steeds op Langebaan langs die Weskus woonagtig is en dat hy op die Burgemeesterskomitee van Saldanhabaai se Munisipaliteitsraad dien. Magdel bedryf 'n gastehuis genaamd 'Walking on Water' in Langebaan. Andre se e-posadres is woh2o@telkomsa.net.

MILITêRE AANGELEENTHEDE

12. Russian intelligence ship visited Cape Town

Angel reports in his MN that the Russian intelligence ship Yantar docked in Cape Town on 12/11/2017 and departed a week later. The ship is equipped with two self-propelled deep-sea vehicles which can accommodate two to three crew and feature titanium pressure hulls and has been tested to more than 6 000 metres below sea level. These are launched over the side of the ship from a large hangar. Yantar is known to loiter near undersea communications cables and is able to tap and cut undersea cables, remove other countries' taps and investigate and recover objects of interest from the sea floor, such as crashed aircraft or test missiles. In Sep 2015 Yantar caused concern in the American military after it hovered around a major undersea cable off Cuba. and more recently, the vessel was in the Mediterranean in Oct 2017 in the vicinity of undersea cables. It is not clear what the purpose of Yantar's voyage around Africa is, but it should be pointed out that undersea communications cables generally follow established shipping routes.

13. Operational Planning on Aircraft Carrier USS Theodore Roosevelt

The photo shows an Airman recording aircraft movements on the 'Ouija Board,' a scale model of the flight deck, aboard the aircraft carrier. Angel adds that in 2008 he "... stood at that same Ouija board and was told that attempts to replace it never worked out, but two years ago we published an article that a new automated system had been introduced! To see it still aboard has made my day!

14. Modern Appearances

Angel says that this strange looking vessel is the new guided-missile destroyer, USS Zumwalt, which arrived at its homeport in San Diego on 08/12/2017. The second of three high-tech, super-stealth Zumwalt-class destroyers, USS Michael Monsoor has started its first round of sea trials.

MILITêRE MEDIESE VERSORGING

15. Betaling van Mediese Rekening na Rugoperasie
Hannes van Niekerk rapporteer dat sy "… vrou 'n rugoperasie in die Montana Hospitaal ondergaan het, nadat sy deur Afd Ortopedie by 1 Mil Hosp daarheen verwys is. Die nodige dokumentasie en magtigings is deur 1 Mil Hosp vir die hospitalisasie en operasie uitgereik. Die chirurg het nou egter 'n rekening vir meer as die helfte van die koste aan Hannes gelewer. As pensioenaris kan ek nie hierdie rekening bekostig nie en ek soek hulp". Nota. Hannes se navraag is na die SMMVF verwys.

16. Bestuur van die SMMVF
Dr Lourens Smith noem dat hy nie meer by die SMMVF betrokke is nie en dat navrae aan die Waarnemende Hoofbeampte (Acting Principal Officer), Dr Anushka Jamuna, gerig moet word. Sy is 'n lid van die SAMGD wat direk aan die SMMVF se Bestuursraad rapporteer. Die volgende e-posadresse kan gebruik word om met haar en die personeel by die SMMVF kontak te maak:

- anushkaj@rfmcf.co.za
- complaints@rfmcf.co.za
- info@rfmcf.co.za

TOEKOMSTIGE OORLOë

17. NTR.

EIETYDSE MILITêRE GESKIEDENIS
18. Geskiedenis van die Militêre Uniform. Professor Deon Fourie van die Kavallerie verklaar soos volg:

"Kleurryke uniforms is vroeër op die slagveld gedra, want dit was nie nodig om 'n uniform te dra wat onsigbaar moet wees nie. Dit was eers met die koms van die getrokke loop en die Minié koeël dat 'n geweer suksesvol op 'n teiken gerig kon word. Die infanterie het in bataljon- en brigadeformasies geveg en die voorlaaier (musket) het net 'n reikafstand van ongeveer 300 meter gehad. Min eenhede het die getrokke loop gebruik omdat dit nie vinnig gelaai kon word nie. Eers laat in die 18e en vroeg in 19e eeu get die Europese Leërs begin om Jagter- of Skuttereenhede (Jäger in Duits, Rifles in Engels) te skep wat grys of groen gedra het, nie in formasie geveg het nie en wat met getrokke lope gekiet het. Die Europese Leërs het geleidelik vanaf kleurvolle uniforms na donker kleure (blou in Frankryk, feldgrau in Duitsland) begin verander. In indië het 'n Verkenningsregiment, The Guides, wit gedra totdat iemand die idee gekry het om die drag in modderwater te week. Die woord, 'khaki' beteken modder in Hindustanie en het die Britte 'khaki' begin dra nadat hulle nog blou-unifiorms in hulle oorlog teen die Zoeloes gedra het. Die Franse het laat in die 19e eeu blou baadjies met 'n rooi broek gedra en het in WO1 daarmee begin veg. Na terugslae het hulle na ligte blou omgeskakel. Nie een van die leërs het staalhelms met die begin van WO1 gedra nie en van die Franse en die Duitse Kavalerie het

in 1914 nog blink staalliggaampantser gedra. Die volgende skets toon die uniforms wat die verskillende Leërs aan die begin van WO1 gedra het:

19. Verdeling van Militêre Verantwoordelikheid

Die militêre skrywer, Willem Steenkamp van die Skotse Infanterie, onthou van "... die meningsverskil toe ons met die beplanning van 'n veldoefening by HK 71 Bde besig was. Met die beplanning vir die afvoer van verliese het die SO2 Pers en SO2 Log koppe gestamp. Tinus (AK) de Jager was die bevelvoerder en het gekyk hoe die twee mekaar spreekwoordelik aan die gorrel gryp oor wie se verntwoordlikheid dit was. Hy sê toe '... genoeg' en met AK was dit 'n duidelike stopteken. Toe die twee strydendes se monde gesnoer is, sê hy '... dit is heel eenvoudig. As die lid gewond is, is dit Personeel se verantwoordelikheid. As hy dood is, is dit 'n Logistieke verantwoordelkheid'. Klaar gepraat".

THE ORIGIN OF LAST POST

20. Background

In the previous Newsletter, Crow Stannard of the SAAF explained that there is a distinct difference between the British 'Last Post' and the American 'Taps'. The Last Post has been used at British and Commonwealth military funerals and at ceremonies to commemorating those who have been killed in war.

21. Willem Steenkamp of the Infantry

"There is also the matter of symbolism. The sounding of the Last Post signals the end of the soldier's life and for two silent minutes we mourn his passing. Then the Reveille is sounded with the message that '... we have mourned our dead, now we must march on into the future'. For many years in my regiment it was the custom that during the two-minute silence the Pipe-Major would play '*The flowers of the forest are gang awa'*. According to legend this tune, surely the saddest pipe-tune of all, filled with a wild grief that touches every heart, was composed centuries ago by a famous Highland piper named McCrimmon after his seven sons were all killed in battle".

22. Professor Deon Fourie van die Kavallerie

"Last Post of Laaste Tap(toe) het oorspronklik in die Franse Leër as 'Le Guet' (uitgespreek le Gay) ontstaan. Ongeveer 300 tot 400 jaar gelede het die Engelse in een van hulle oorloë teen die Franse daarvan kennis geneem. In Frans beteken die naam 'Die Wag' en is 'n sein wat stel dat die wagte vir die nag in hulle poste geplaas is. Dit is waarom die Engelse dit 'The Last Post' noem. Die vertaling na 'Laaste Taptoe' is dus dus tegnies verkeerd want die 'taptoe' sou vroeër in die aand plaasvind.

Die Franse het om een of ander rede daarvan vergeet en eers in 1932 het die Militêre Goewerneur van Parys, Genl Gouraud, 'n musikant versoek om iet te komponeer wat soos 'Taps' of 'Last Post' vir seremoniële doeleindes gebruik kon word. Hy het toe die wysie 'La Sonnerie aux Morts' gekomponeer. Dit beteken 'Die Roep aan die Oorledenes' maar miskien is daar 'n mooier vertaling daarvan".

NUWE MILITêRE BOEKE

23. Roland de Vries se Boek oor Mobiele Oorlogvoering in Afrika
Willem Steenkamp noem "... dat Roland se boek oor mobiele oorlogvoering in Afrika nou amper klaar is en sal volgens die uitgewers binne 'n maand of twee op die rakke wees. Dit was vir my 'n voorreg om met die afronding van die manuskrip te help. Myns insiens gaan hierdie boek jare lank deur alle denkende soldate hier en in die buiteland gelees word, want dit is werklik enig in sy soort. Dit is vir my duidelik dat slegs die SAW geweet het hoe om konvensionele gevegte in Afrika te voer".

24. Book about Dundee in KZN
* Godfrey Giles states that "… Kevin Burge is writing a book on the history of education in the Dundee area. Kevin requests that senior officers who attended school in Dundee contact him, as it would be of great assistance. My e-mail address is godfreyg@iafrica.com".

* Gen PO du Preez of the Gunners (AA) mentions that he "… matriculated at Dundee High School in 1959, while Bertie Botha of the Cavalry matriculated in 1961".

25. Old and New Military Books
The full catalogue of military books can be requested from the e-mail address of the publisher, Bush War Books, at sales@warbooks.co.za.

PAUL ELS SE BOEKE

26. Boek oor SWA Suid van die Rooilyn
"Ek beoog om 'n boek oor SWA Suid van die Rooilyn aan te pak, sodra ek, Gert van Niekerk en Piet van der Walt, met die boek oor Walvisbaai klaar is. Sover het ek reeds 40 bladsye oor die Suidelike gebied, maar kort natuurlik vreeslik baie om 'n boek vol te maak. Daar is nog nooit 'n militêre boek oor hierdie area geskryf nie, terwyl Grootfontein alleen baie verhale moet hê om te vertel. Stuur wat julle kan en ek sal dit dan verder by Dokumentasie Dienste en die Argiewe gaan navors. Ek het nie plek om enigiets te stoor nie. Enige goeie boeke skenk ek aan die Voortrekkermonument".

27. Boek oor die SA Genie
"Het reeds met 'n boek oor die Genie begin. Het reeds 170 bladsye en beoog om die boek oor twee jaar te voltooi".

ASPEKTE WAT DIE PENSIONARISSE SE PENSIOENFONDS (GEPF) RAAK

28. Verkiesing van Trustees vir die GEPF se Raad van Trustees
In die vorige Nuusbrief is genoem dat die Moniteringsgroep se naam na die Assosiasie vir die Monitering en Voorspraak van Regeringspensioene (AMVRP) verander en het die name van 'n aantal genomineerdes verskaf. AP Stemmet verwittig nou dat daar 'n aantal onttrekkings was en dat slegs een van Stan Davis of Dries de Wit as die AMVRP se genomineerde gekies sal word. Uitsluitsel later.

29. Persverklaring Uitgereik deur die AMVRP op 27/11/2017.
AP noem dat die AMVRP steeds voortgaan om die term GEPF Moniteringsgroep (GEPF MG) vir media-doeleiendes te gebruik, omdat dit reeds algemeen bekeend is. Die volgende is uittreksels uit die verklaring, wat vanaf AP se e-posadres by adamusp2602@gmail.com aangevra kan word:

Die GEPF MG het kennis geneem van die besprekings en resolusies van die Staande Komitee van Finansies oor die Regeringspensioenfonds en dat die moontlikheid bestaan dat

‘n komitee-wetsontwerp binnekort oorweeg sal word met die doel om die OBK Wet te wysig. Dit wil voorkom dat ‘n meerderheid van Vakbonde saamstem oor die wysigings in die Wetsontwerp. Daar is 1 273 784 aktiewe dienende lede en 437 051 pensioenarisse wat lede is van die Fonds en die voorgestelde wysigings van die OBK Wet sal ‘n direkte uitwerking op hulle hê.

Die MG wys daarop dat die besprekings in die verlede hoofsaaklik oor die OBK was en nie waar dit hoort, naamlik die Raad van Trustees van die GEPF. Die OBK is maar net een van die beleggingsagente, aangesien ander agente ook deur die GEPF gebruik kan word. Die GEPF wil graag swart bate-bestuurders betrek, maar omdat die GEPF nie vrae wat die MG aan hulle stel wil beantwoord nie, is dit nie duidelik of dit in die verlede al gebeur het nie. Die huidige probleme word hoofsaaklik veroorsaak omdat die OBK die alleen- batebestuurder van die GEPF se fondse is, terwyl die Raad van Trustees van die GEPF nie volgens sy mandaat behoorlike kontrole oor die beleggings van die OBK uitoefen nie. Dit is ondenkbaar dat die OBK as regeringskorporasie die enigste belegger van die pensioenarisse se fondse kan word. Dit is dus belangrik dat geskikte en akademies-gekwalifiseerde lede as Trustees van die GEPF aangestel word.

Tydens voorlopige samesprekings met die Vereniging van Staatsamptenare (PSA) is daar ooreengekom dat die PSA en MG gesamentlike voorstelle by die Vaste komitee sal indien.

30. Brief aan *Die Burger*
Op 06/12/2017 het ‘n brief van AP in Die Burger in Kaapstad verskyn waarin hy die Pensionarisse teen stroping van die Pensioenfonds waarsku en ‘n beroep op hulle doen om by die Staatsdiens se vakbond of die MG aan te sluit.

ALGEMENE ASPEKTE

31. Newsletter of the Naval Officers’ Association of Southern Africa
Angel states that the Newsletter for Nov 2017 is available and can be requested from the Secretary, John Lamont, at glentyne@yebo.co.za.

32. Voorlopige Jaarprogram van die Parabat Veterans’ Organization vir 2018
Johan de Winnaar is die Voorsitter van die Pretoria Canopy en noem dat die jaarprogram vanaf sy e-posadres by JohandW@tshwane.gov.za aangevra kan word. Dit is opmerklik dat die jaarlikse watersprong net twee weke voor die visvangnaweek op 07 tot 09/12/2018 plaasvind.

33. Jaarprogram vir 2018
Paul Els sê dat hy besig is om “… vir die Veterane ‘n jaarprogram op te trek van al die gebeure wat vir 2018 beplan word. Datums wat reeds vir re-unies, gedenkdiense, parades, sosiale byeenkomste, potjiekos en ander gesellighede bepaal is, kan gerus vir my voor

einde Des 2017 gestuur word. Die doel hiervan is dat daar een program is wat almal kan sien. My e-posadres is paul@who-els.co.za".

ICH HATT EIN KAMERADEN

34. Chris Wehrmann van die Gemotoriseerde Infanterie
"Daar is baie sentiment aan hierdie lied op die wysie van die ou Duitse Pantzerlied gekoppel. Dit vertel van twee soldate wat langs mekaar in gelid loop toe een deur die vyand se koeël getref word. Die woorde van die Duitse lied is soos volg:

Ich hatt einen kameaden, einen besseren find'st du nicht
Eine kugel kamm geflogen, gilt sie dir oder gilt sie mir
Ihn hat sie weggerissen, er liegt an meinen füssen
Mein gutter kameraad
Mein guter kameraad.

Wil mir die hand noch reichen, derweil ich eben lad
Kann dir die hand nicht geben, bleib du im ew'gen leben
Mein guter kameraad
Mein guter kameraad

35. Willem Steenkamp van die Skotse Infanterie
"Hierdie Duitse lied is die wêreld se bekendste en mooiste roulied. In Holland staan dit as '*De Trouwe Kameraad'* bekend' en ook in minstens vier ander tale, maar word nooit in die RSA gespeel of gesing nie, want dit lyk asof net Chris Wehrmann die woorde ken. Toe ek destyds regisseur van die Kaapstadse Militêre Taptoe was, het ek die Hollandse weergawe in Afrikaans vir die finale bedryf vertaal en 'n lid van die SA Leërorkes het dit toe na die gebruiklike '*Nightfall in Camp'* gesing. Verskeie lede van die gehoor het my agterna kom vertel hoe ontroer hulle was".

Volgens Wikipedia word die lied al vanaf 1814 gesing, en bestaan daar vertaalde weergawes in Finland, Nederland, Frankryk veral in die Vreemde Legioen, Italië, Chile, Oostenryk en andere. In die RSA word dit net deur Regt WP gesing en is al plek in die land waar mens dit kan hoor. Wikipedia noem ook dat in die Vreemde Legioen, "when the song is played, soldiers are to salute, an honour otherwise reserved for national anthems only". Die lied is 'n legitieme deel van ons militêre musiekerfenis, gegewe die feit dat Afrikaners merendeels van Hollands en Duits afstam.

Dit het my altyd vererg dat die SAW nooit moeite gedoen het om 'n eg SA militêre musikale woordeskat te ontwikkel nie. In die VK is daar verskeie regiments- en korpsmarse wat aangepaste weergawes van ons volksliedjies is soos '*Do You Ken John Peel'* van die Queen's Own Yeomanry en '*My Boy Willie'* van die Royal Armoured Corps ter ere van die heel eerste tenk '*Little Willie'*. Die bekende '*Sarie Marais'* is een van die Royal Marines se regimentsmarse en tot die ontbinding van die Royal Corps of Transport was die korpsmarse 'Wait for the Wagon' gebaseer op '*Vat Jou Goed En Trek, Ferreira'.*

Ek is tans met die vertaling van die bekende 'Panzerlied' besig, wat desedae ook in verskeie leërs gesing word. Dit is moeilik, maar ek maak vordering. Ek het reeds die Hollandse

weergawe van *Ich Hatt Ein Kammeraden,* naamlik '*De Trouwe Kameraad'* na Afrikaans vertaal, wat beide hieronder aangetoon word:

De Trouwe Kameraad

Ik had een wapenbroeder
Geen dapperder dan hij
De oorlog riep ons samen
De roffel sloeg, wij kwamen
En gingen zij aan zij (2x)
Ik had een wapenbroeder
Ik heb hem nu niet meer
Hij liet voor 't land zijn leven
Is in de strijd gebleven
Wat minde hij mij teer (2x)
Ja, broeder! 'k zie u weder
Dat lenigt mijn verdriet
Daar waar geen angst of vrezen
Of oorlog meer zal wezen
Daar kent men 't scheiden niet (2x)

Die Troue Kameraad

Ek had 'n wapenbroeder
geen dapperder dan hy
Die oorlog roep ons bymekaar
die roffel slaan en ons is daar
En mars ons sy aan sy
en mars ons sy aan sy

Ek had 'n wapenbroeder
ek het hom nou nie meer
Vir sy land laat hy sy lewe
is in die stryd geblewe
Hy sneuwel aan my sy
Hy sneuwel aan my sy

Ja, broer! Ek sal jou weer sien
dit salwe my verdriet
Daar, waar geen angs of vrees nie
of oorlog meer sal wees nie
Daar ken mens skeiding nie
daar ken mens skeiding nie

36. Beskerming teen Plaasaanvalle

Chris Serfontein van die Donker Hande noem dat hy 'n "… dokument oor die bekamping van plaasaanvalle, genaamd *Beskerming van Huis en Haard,* vanaf Dave Keyser in Tsumeb ontvang het. Die dokument is in die tyd van die SWAGM opgestel en verskaf waardevolle inligting om vir plaasaanvalle voor te berei. Die dokument kan vanaf my e-posadres by chris.daskopper@gmail.com aangevra word".

37. Writing of Auto Biographies. The following is a timely warning to Paul Els and all the other Veterans who intend to write the story of their lives:

'When writing the story of your life. Do not let anyone else hold the pen'.

WELSYNSINISIATIEWE

38. NTR.

SOEKTOGTE

39. NTR.

GELEENTHEDE, FUNKSIES EN KURSUS- EN ANDER RE-UNIES

40. Vakansie in die Kaap
Die foto word ingesluit om te wys wat wag op sekere gelukkige Veterane, terwyl die res van ons sukkelaars net kan kyk na wat ons gaan mis.

41. Veterans' Day in the USA on 11/11/2017
Robert Cedars of Special Forces is an American citizen who had served as a Parabat of the US Army in Vietnam and is the only American that had served in our Special Forces. After serving as a private Security Operator in Rhodesia, he returned to the USA. On Veterans' Day he attended a Veteran luncheon presented by the local Sheriff Department in Louisiana. He says that "… it was a surprise to see all the Sheriff Deputies catering to the Military Veterans on this day, which is the same as our annual Memorial Day of 11 November. I was the only one wearing a tie and blazer as all others wore jeans and casual dress. I wore our normal Veterans' attire and the American Veterans were impressed with our dress standard. My e-mail address is kisatchie49@gmail.com".

42. Occasion in Durban on 06/12/2017

Gert Minnaar states that "… the 61 Mech Veterans Association hosted a skouerskuur with Wynand du Toit at the Better' Ole Shell Hole of the MOTHTS on 06/12/2017, during which Wynand gave a talk and also had his books for sale. The SA Infantry Association is looking to soon host skouerskure under their own banner in Durban and Pietermarizburg. The event can be seen on our web page at www.61Mech.org.za".

43. Trip to Angola.
The message from Louie Greeff was included last week, but with an incorrect date and is repeated to rectify:

Louie Greeff advises that he is arranging a trip to Angola in June 2018 and "... invites Military Veterans to go along. We will cross into Angola at Ruacana and from there travel to Chitado, Namibe, Lubango Cuvelai, Cassinga, Jamba (Savimbi's HQ), Kuvango, Chitembo, Menongue, Longa, Cuito Cuanavale, Mavinga, Nankova, Cuangar, Ontjiva, Namacunda and back to Namibia. Those interested can contact me on my e-mail address at louie@beyondxtreme.co.za, with heading 'Namgola' Motorcycles and 4x4s are welcome. I will be riding on my 1200 GS".

NETWORKING

44.

ADMINISTRASIE

45. Nuwe Lede

* Charles du Plessie

* George Brownlow

* Johan Heymans

* Robert Cedars

* Thys Snyman

LAASTE LAWWE (EN SOMS ERNSTIGE) STUKKE

46. Officers Wearing Red Coats in Battle. There is obviously no factual basis for this story received from Deon Potgieter of Signals, but it is included with apologies to the French Army which fought valiantly from the café tables in Gay Paree with the German invasion in WW2:

A long time ago, Britain and France were at war. During one battle, the French captured a British Colonel. They took him to their headquarters, and the French General began to question him. Finally, as an afterthought, the French General asked "... why do British officers all wear red coats? Don't you know the red material makes you easier targets for us to shoot at?" The officer informed the General that "... the reason British officers wear red

coats is so that if they are wounded, the blood will not show, and the men they are leading would not panic.

And that is why, from that day forward, all officers wear brown trousers in the French Army.

47. And the Old Saying

Officers who run cause panic.

48. Retarded Grandparents
Errol Massey-Hicks of the Deep Blue Sea found the following note in his daughter's room after she had moved out:

We always used to spend the holidays with Grandma and Grandpa. They used to live in a big brick house but Grandpa got retarded and they moved to Saldanha Bay where everyone lives in nice little houses and so they don't have to mow the grass anymore! They ride around on their bicycles and scooters and wear name tags because they don't know who they are anymore. They go to a building called a wreck centre, but they must have got it fixed because it is all OK now. They do exercises there, but they do not do them very well. There is a swimming pool too, but they all jump up and down in it with hats on. At their gate, there is a doll house with a little old man sitting in it. He watches all day so nobody can escape. Sometimes they sneak out, and go cruising in their golf carts! Nobody there cook, they just eat out and eat the same thing every night. Some of the people cannot get out past the man in the doll house. The ones who do get out, bring food back for the others. My Grandma says that Grandpa worked all his life to earn his retardment and says I should work hard so I can be retarded someday too. When I earn my retardment, I want to be the man in the doll house. Then I will let people out, so they can visit their grandchildren.

49. Julle Kan Beter Doen
Willem Steenkamp noem dat hy net vir die genot 'n paar hoenders in Kaapstad aanhou. Verlede week het hy gesien dat die Alfa-haan tydens sy weeklikse ordergroep 'n volstruiseier aan sy henne vertoon en dan verklaar dat "… dames, ek rig nie 'n vinger nie, ek wil julle maar net inlig oor wat tans elders gedoen word".

50. Feeling at Home
And this one is specifically for the soldiers in white:

“You may call it a sentry box, but this way up it is more like a boat and I feel more at home in it, Sir”

SLOT

51. And on that Naval note, geniet die aanloop tot Kersfees.

Johann

VRYWARINGSKLOUSULE

52. Hierdie Nuusbrief bevat die uiteenlopende en diverse persoonlike menings van Militêre Veterane en die Opsteller van die Nuusbrief kan nie in sy persoonlike hoedanigheid daarvoor verantwoordelik of aanspreeklik gehou word nie.